

Hoofstuk 1

1 Persoonlike teologiese navorsing

1.1 Persoonlike ervaring

1.1.1 Inleiding

Elke betekenisvolle vraagstelling veronderstel 'n intuïtiewe voorgevoel vir wat die vraag sou kon beteken.¹ Hierdie voorgevoel is 'n produk van die magdom simbole wat 'n mens in en om jouself ontvang.² Dikwels word daar eers later, nadat die simbole reeds hulself voorgedoen het, "taal gevind" om *wat ervaar word* te orden en te verwoord.³ So kies 'n mens nie altyd watter vrae om te vra nie, maar beland eerder dikwels in 'n situasie waarin bepaalde vrae hulle aan jou opdring.⁴ Daarom sou ek graag aan die leser die geleentheid wil bied om aan die hand van 'n paar persoonlike belewenisse en belydenisse groter insig te verkry in die tekens en simbole wat moontlik 'n rol kon speel in die vorming van my vooronderstellings en keuse vir die tema van hierdie ondersoek.

Dit spreek vanself dat die belewenisse en belydenisse reeds 'n bewuste formulering is. Dit is boonop 'n eensydige formulering in soverre bepaalde gebeurtenisse verhaal word en ander verswyg word. Die bedoeling van die inleidende eerste persoonsweergawe moet nie verkeerd verstaan word nie:

- (i) Dit poog nie om 'n epistemologiese fondament te lê as noodwendige vertrekpunt vir hierdie teologiese ondersoek nie.⁵

¹ Vgl. W. Kasper, *The God of Jesus Christ*, London: SCM Press Ltd., 1992, p. 4: "...any meaningful question supposes some pre-understanding of what the question is meant to ascertain."

² Vgl. A. van de Beek, Wat hebt gij dat gij niet hebt ontvangen?, in A. van de Beek (red.), *Lichtgeraak, Wetenschapsbeoefenaren over de relatie van hun gelovig christen-zijn en hun werk*, Nijkerk: Calenbach, 1995, pp. 120-148, 126: "De mens ontvangt een overvloed aan gegewens. Allerlei indrukken, van binnen uit hemzelf en van buitenaf doen zich aan hem voor. Al deze indrukken vormen samen een universum van symbolen....met 'symbool' bedoel ik...de manifestaties van de werkelijkheid zelf mee, zoals deze zich aan mij voordoet."

³ Vgl. A. van de Beek, *Schepping als voorspel voor de eeuwigheid*, Baarn: Uitgeverij C. F. Callenbach, 1996, p. 66.

⁴ Vgl. Thiselton, *The two horizons, New Testament and philosophical description*, Carlisle: The Paternoster Press, 1982, 162.

⁵ Vgl. H. Berkhof, *Inleiding tot de studie van de Dogmatiek*, Kampen: J. H. Kok, 1982, p. 81: "Dogmatiek is blijkbaar niet een weg die vanaf het fundament van eenvoudiger naar gecompliceerder problemen en inzichten

- (ii) Dit het nie ten doel om ‘n volledige ensiklopediese plekbepaling te wees ter wille van die verantwoording van die gekose tema nie.
- (iii) Dit wil nie wetenskaplike kritiek teen my standpunte probeer versag deur empatie te wek vanuit die Suid-Afrikaanse konteks nie.
- (iv) Dit probeer nie om ‘n vorm van kontekstuele teologie te ontwikkel waarin my eie teologiese beslissings of dié van die NG Kerk in die verlede vanuit die Suid-Afrikaanse konteks geregverdig word nie.

Selfs al sou die belewenisse en belydenisse aspekte bevat van wat pas aangedui is as ‘n *verkeerde verstaan van hierdie eerste persoonsweergawe*, hef dit nie die primêre bedoeling van hierdie weergawe op nie. Die hoofdoel van die persoonlike paradigmatverheldering is om aan die leser die geleentheid te gee om sêlf te besluit in hoeverre my alledaagse ervarings ‘n invloed op die teologies-kritiese beslissings in hierdie ondersoek kon hê en kon bydra tot my vooroordele.

Dit is my oortuiging dat daar met groot omsigtigheid te werk gegaan moet word wanneer ‘n persoonlike toonaard gebesig word in ‘n teologies-wetenskaplike ondersoek.⁶ Dit is algemeen by heel party navorsers om doelbewus te poog om subjektiewe betrokkenheid metodologies te relativer of ten minste tot ‘n minimum te beperk. Selfs waar wetenskaplikes bewus is van hulle persoonlike betrokkenheid by hulle werk, word dikwels gevind dat ‘n tema so objektief moontlik benader word. Toegepas sou ‘n mens kon sê dat die skryfstyl van ‘n proefskrif oordrewe subjektiwiteit probeer vermy en ‘n taal besig wat getuig van wetenskaplike saaklikheid.⁷ Dit is egter my oortuiging dat die verheldering van my persoonlike omstandighede – wat ongetwyfeld ‘n rol speel in die teologies-kritiese beslissings wat gemaak word wanneer *die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde* op die spel is – vir

voortgaat. Alles volgt uit alles en alles veronderstel alles, zonder iets daarbuiten dat vooraf zou gaan, behalve dan God zelf en het geschieden van zijn Woord. Deze cirkel laat zich dan ook niet openbreken door het theologische denken. Men kan er alleen maar in springen. De dogmatiek reflecteert immers het geloof, dat niet door logische redenering maar door overgawe in de cirkel van de openbaring treedt.”

⁶ In hierdie ondersoek word van die veronderstelling uitgegaan dat teologiese arbeid wetenskaplik is. Vgl. J. A. Heyns se bespreking van *Teologie as wetenskap*, in J. A. Heyns & W. D. Jonker, *Op weg met die teologie*, Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1974, pp. 125-228.

⁷ Vgl. Heyns & Jonker, *Op weg met die teologie*, p. 21: “Die wetenskaplike taal is veelmeer saaklik en op die objek gerig as die vóórwetenskaplike taal, daarom sou ons eersgenoemde deskriptief en laasgenoemde evaluatief kon noem.”

hierdie ondersoek belangrik is.⁸ My lewensomstandighede en persoonlike betrokkenheid by die problematiek wat ondersoek word, is onlosmaaklik verbind aan die meer saaklike sistematiesing van versamelde navorsingsresultate.⁹

1.1.2 Kort belewenisse en belydenisse

1.1.2.1 Kinderervaringe

As kind het ek die moeite waarmee talle mede Suid-Afrikaners 'n bestaan voer gesien. Gereeld het bedelaars by ons huis kom aanklop om brood en geld te vra. Voor sonsopkoms het baie mans en vroue al langs die pad gestaan en wag op vervoer na hulle werkplekke toe. Vroue wat water in emmers op hulle koppe aandra en ander wat hout bymekaar maak, was 'n algemene gesig naby groot informele woongebiede. Die swaarkry van hierdie mense het ek nie as kind gesien deur hulle te besoek of tussen hulle te bly nie, maar deur by die venster van die motor uit te kyk wanneer ons gesin vroeg in die oggend met vakansie gegaan het.

Dikwels het ons op sulke vakansies klere, speelgoed, seep en ander lewensmiddele saamgeneem om vir die kinders van die plaaswerkers op die plaas van my oupa in die Karoo te gee. Ons het ure lank saam met hierdie kinders gespeel. Hulle het ons van die veld geleer, gewys waar die beste kleilatklei is en waar om in die rivier vis te vang. Naweke het ons egter ver van hulle huise af weggebly, aangesien die plaaswerkers Vrydae met hulle lone drank gekoop het en die meeste van die tyd dronk was.

In die dorp, Newcastle, waar ons gebly het, het ek meer as een maal gesien hoe 'n bedelaar kos weggooi en hoe ander drank koop met geld wat hulle pas ontvang het. Dit was vir my onverstaanbaar. Net so onbegryplik was vir my dat die Christenvrou, wat my moeder tuis gehelp het, 'n groot bedrag by haar wou leen om 'n bees en 'n bok te koop. Sy het hierdie diere nodig gehad om in 'n tradisionele ritueel te slag anders - het sy geglo - sou haar dogter

⁸ Vgl. E. Jüngel, *Eberhard Jüngel, Theological Essays II*, Edited with an introduction by J. B. Webster, Translated by Arnold Neufeldt-Fast and J.B. Webster, Edenburg: T & T Clark, 1989, p. 3: "Each theologian is personally grasped by the truth to which he or she must respond in thought, in word and, it goes without saying, in deed. In this respect theology always also bears the individual characteristics of a life story."

⁹ Vgl. H. Jonas, *Wissenschaft als persönliches Erlebnis*, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1987; Vgl. ook Van de Beek, *Lichtgeraak*, p. 124: "Als het gaat over ons wetenschappelijke bezig zijn, gaat het altijd om persoonlijke betrokkenheid, net als het, wanneer het gaat over ons geloof, altijd gaat om persoonlijke geloof. Een wetenschapsbeoefenaar is persoonlijk betrokken in zijn werk en wel op velerlei wijzen."

sterf. Ons gesin was almal baie lief vir hierdie Zoeloevrou, Harriet. Sy het gereeld in haar gebroke Engels die Bybel aangehaal deur te sê: “In the home of my Father there are lots of houses.” Maar ek kon nie die erns verstaan waarmee sy my gewaarsku het om lig te loop vir die slang wat onder in die dorpsrivier bly en kinders en vroue vang nie. Eenmaal na ‘n harde donderslag het Harriet my met groot oë aangekyk en gesê: “God is cross, can you hear how He speaks?”

By die skool het ek as kind gehoor hoe die leerlinge praat oor nuwe rekenaarspeletjies, musiek en ander produkte wat hulle aangeskaf het. As jong seun is ek egter nie toegelaat om al die nuutste speletjies aan te skaf nie. Ons moes spaarsamig lewe. ‘n Elektriese lig mag nie gebrand het in ‘n vertrek waar iemand nie besig was nie. Water moes gespaar word deur nie ‘n kraan langer as wat nodig is oop te hou nie en in min water te was. Op spesiale geleenthede soos verjaarsdae, en soms as familie of vriende kom kuier het, kon ons gaskoeldrank drink. Kos mag onder geen omstandighede gemors word nie. Wat nie geëet is nie, is meestal gebêre om met die volgende ete voor te sit.

Deur die jare is daar verskeie kere van ons gesin en familie se besittings gesteel. My ma kom uit ‘n gesin van vier kinders. By al vier hierdie kinders is motors gesteel. Per geleentheid is my ma en haar vriendin op straat deur twee mans aangeval en van ‘n handsak beroof. ‘n Vriend van my oupa is vermoor en in sy motor se katebak aan die brand gesteek. ‘n Maat van my oom is in sy woonstel vermoor. ‘n Ander van my ooms is deur vyf rowers in die ry uit sy motor gegooi nadat hulle dit gekaap het. My neef se vrou is voor haar huis gekaap. My eie vrou is in haar motor aangeval en van 'n handsak beroof. Ons bure is deur gewapende mans vasgebind, geslaan en van vele besittings beroof. Die man van my pa se aangenome sus wat as sekuriteitswag by ‘n firma gewerk het, is meer as twintig keer met ‘n AK 47 in ‘n transitorooftog geskiet. Sy twee medewagte is albei doodgeskiet en hy is vir dood in die pad gelos. Hy het nooit die normale gebruik van sy bene teruggekry nie. Dit is maar ‘n paar van die meer gewelddadige voorvalle wat ons familie geraak het.

Die twee vrouens wat my moeder in die huis gehelp het, is nog erger geraak deur die geweld. Harriet, van wie ek vroeër geskryf het, se jongste seun is met ‘n mes doodgesteek. Die ander vrou, wat later jare ons aan huis gehelp het, se driejarige dogterjie is verkrag en het soveel beserings opgedoen dat sy langer as ‘n week in die hospitaal moes bly.

Dit is maar enkele persoonlike ervaringe wat my bewus gemaak het van ooreenkomste en veral verskille tussen die mense in Suid-Afrika wat in armer omstandighede leef en mense wat genoeg het en hoedat geweld ons almal raak.

1.1.2.2 Teologiese studie

Tydens my teologiese studie is hierdie persoonlike belewenisse stelselmatig akademies geïntegreer. Ek voel eeffe selfbewus oor die belewenisse wat ek genoem het. Want filosofies sou waarskynlik veel gesê kon word oor die posisie waarin ek my as kind in die maatskappy bevind het en die invloed daarvan op my beleving. Psigologies sou gewys kon word op 'n gevoel van skuld wat moontlik aanleiding gegee het tot my vertelling of die invloed van die aanmanings tot soberheid in my ouerhuis op my onderbewussyn. Polities sou die vakansies op die plaas waarskynlik vir sommige 'n simbool kon wees van ongeregtigheid: grond in blanke besit waarop swart arbeiders werk. Missiologies roep die gee van klere en speelgoed waarskynlik kritiese vrae op.

My akademiese studie maak my toenemend selfbewus oor my beperkte begripsvermoë. As student aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit kom ek daagliks agter dat ek nog baie moet leer oor my teologiese-, filosofiese-, ekonomiese-, en sosiaal-maatskaplike vooroordele. Teologies het ek enersyds bepaalde klemtone geërf by my Wes-Europese voorsate. Andersyds het die lewensomstandighede in Afrika, waar my direkte voorsate al langer as 300 jaar bly, ook onherroeplik my deel gemaak van Afrika. Tydens 'n jaarlange verblyf in Noord-Amerika en 'n jaar in Nederland vir teologiese studie, het ek op 'n besondere wyse my Afrikaanskap beleef. Al hierdie ervaringe het my bewus gemaak daarvan dat my interpretasie van die Bybelteks, my tradisie en my konteks op intieme wyse met mekaar in verband staan.

1.1.2.3 Besoeke aan en projekte in arm gemeenskappe

Gedurende my hoërskooljare het ek op verskeie geleenthede arm gesinne in Newcastle (Kwa-Zulu Natal) besoek. Hierdie gesinne was hoofsaaklik Christene uit die Indiërgemeenskap. Gedurende voorgraadse studie in Pretoria het besoeke aan Mosambiek en die informele woongebied Hospital View, buite Pretoria, 'n blywende indruk op my gemaak. Deelname aan

‘n armoedewerksgroep van die NG Kerk en besoeke aan arm woongebiede het my nog meer bewus gemaak van my onvermoë om die fenomeen van armoede te begryp. Ek het al meer begin wonder oor die taak en rol van die kerk ten aansien van armoede. Dit het my gemotiveer om meer te lees oor armoede en rykdom. Die leesstof het egter my meer magteloos laat voel as vroeër. Want dit het al hoe duideliker geword dat armoede en rykdom ‘n lewensomvattende kwessie is. Dit gaan oor die bestaan van die mens in die mees omvattende sin van die woord: Bestaan in verhouding tot God, die aarde en ander mense. Dit gaan oor wat ‘n persoon ontvang het op die tyd en plek waar hy of sy in die lewe gebore word. Die persoon se genetiese vermoëns, sy of haar taal, kulturele erfenis, politieke situasie en godsdienstige tradisie, die geografiese en historiese omstandighede waarin die persoon gebore word en die materiële welstand van die persoon se familie, om maar enkele faktore te noem. Omstandighede kan boonop ‘n individu of ‘n gemeenskap *maak* of *breek*: natuurrampe, oorlog en ander vorme van geweld, opvoedingsgeleenthede en siekte kan voorspoed of teëspoed bring. In die moderne globale mark-ekonomie kan mense gemarginaliseer word indien hulle nie aanpasbaar genoeg is nie. Ekonomiese reuse verhoed meermale kleiner rolspelers om volwaardig deel te word van die heersende ekonomiese stelsel. Soms verarm gemeenskappe bloot op grond van die wyse waarop die massamedia inligting oor hierdie gemeenskappe interpreteer en versprei.

Dit word nog meer kompleks wanneer besef word dat lyding meer inhou as armoede en vreugde dieper reik as besit. Die drang om behoeftes te bevredig neem soms toe soos besittings meer word en welgestelde mense is nie noodwendig gelukkig nie. Aangebore vermoëns en onvoorsiene omstandighede kan mense maak en breek: Sommige mense kry dit reg om uitermate baie te bereik met beperkte vermoëns of hulpbronne deur bó hulle omstandighede uit te styg. Ander mense is lui en versuim om van hulle geleenthede gebruik te maak. Verder het dit vir my al duideliker geword dat dit problematies is om arm gemeenskappe te ondersteun. Goeie bedoelings loop dikwels skeef en hulpprogramme doen soms meer kwaad as goed. Mense wat oormoedig dink hulle kan maklik die probleem van armoede oplos, loop die gevaar om teleurgestel te word. Mense wat uit die staanspoor betwyfel of enige hulp aan arm gemeenskappe ooit kan help, se houding neig na ‘n vorm van pessimisme wat moeilik te rym is met die Christelike geloof. Die spreekwoordelike goue middeveg tussen oormoed en pessimisme is nie maklik om te vind nie.

Die kompleksiteit van die probleem van armoede en lyding wat mense met 'n gebrek aan hulpbronne moet deurgaen, het vir my nog duideliker geword in 'n projek wat ek in 2001 vir die *Sentrum vir die Studie van VIGS* aan die Universiteit van Pretoria gedoen het.¹⁰ Ons het tuisversorgingsnoodhulpkissies vir kroniese pasiënte in arm huishoudings ontwerp en in vier gemeenskappe getoets. Tydens verskeie besoeke aan hierdie gemeenskappe het die nood van arm families - veral gesinne wat geraak word deur MIV/vigs - onder my aandag gekom. Die gaping tussen die bedoelings van akademiese spesialiste en hulle gebrek aan begrip vir die omstandighede van hulpbehoewende mense in die gemeenskap, het vir my met die tuisversorgingsprojek 'n persoonlike ervaring geword. Deelname aan kongresse in Gabarone, Botswana en Chaing Mai, Thailand, het dit vir my duidelik gemaak dat die probleme waarmee MIV-positiewe mense in arm gemeenskappe in Suid-Afrika te kampe het, merkwaardige ooreenkomste toon met dié van arm mense in ander lande. Maar in Afrika is daar ook eiesoortige probleme: Arm mense in plattelandse streke in Afrika het ander probleme as arm mense in die buitewyke van 'n groot stad soos New York in Amerika. Dit het my weereens laat besef dat die komplekse redes vir armoede en die gapende kloof tussen die armste en rykste sektore van die samelewing lokale en globale dimensies het.

Laastens sou ek my betrokkenheid by ISWEN¹¹ die afgelope jare as een van die grootste invloede op my denke oor die armoedeproblematiek kon noem. Tydens die opskrifstelling van die resultate van hierdie ondersoek was (en is) ek namens ISWEN betrokke by 'n projek in Lusaka, 'n informele woongebied in die Mamelodi-omgewing net buite Pretoria. Die gereelde ISWEN-spanvergaderings en gesprekke met vriende wat in Mamelodi en in Lusaka woonagtig is, het 'n onuitwisbare indruk op my gemaak...

Al die voorafgaande indrukke en simbole het waarskynlik daartoe bygedra dat ek my teologiese navorsing wou laat afstem op die problematiek van die verskil in lewenspeil tussen mense – die al groter wordende kloof tussen die rykste en armste deel van ons samelewing waarmee ek glo die kerk in die komende jare toenemend gekonfronteer gaan word.

¹⁰ Die projek is befonds deur *Family Health International*.

¹¹ ISWEN staan vir die Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing. ISWEN poog om deur navorsing en veldwerk die arm huishouding in Suid-Afrika as komplekse mikrosisteem beter te verstaan.

1.2 Teologiese navorsing

1.2.1 Teologiese navorsing: ‘n Komplekse leke-waagstuk

Die kuns van navorsing het te make met die doelgerigte versameling en rangskikking van ‘n onbepaalbare aantal gegewens oor ‘n spesifieke saak op só ‘n wyse dat relevante verbande tussen hierdie gegewens met betrekking tot die spesifieke saak aan die lig kom. Die verbande wat deur gebruikmaking van modelle, sketse, metafore en analogieë uitgelig word, hoop om die betekenis van wat ondersoek word te verhelder. Selfs al beteken *verhelder* in baie gevalle dat oënskynlik eenvoudige sake geproblematiseer word en die gevoel van onvermoë om te verstaan met navorsing kan toeneem.

Soms word ‘n *ontwerp* of ‘n *program* opgestel en in ander gevalle gepoog om ‘n *krisis* aan te spreek of ‘n *probleem* op te los. Wetenskaplike navorsing kan ten doel hê om die bestaande stand van sake te behou of voorstelle aan die hand te doen om heersende strukture te verander. In ander gevalle val die klem bloot op *herkonstruering* van wat was, *beskrywing* van wat is of *voorspelling* van wat moontlik kan gebeur.

In hierdie proses word nie uit niks uit nuwe teorieë geskep nie. ‘n Komplekse sisteem van **interafhanklike wetenskaplike dissiplines** bied waardevolle inligting wat verwerk moet word. Ekonomie, filosofie, antropologie, sosiologie, kriminologie, psigologie, geologie, rekenaarwetenskap, inligtingstechnologie, stads- en streeksbeplanning, wiskunde, argitektuur, die mediese- en regs wetenskappe en waarskynlik elke ander studieveld word beïnvloed en sou ‘n bydrae kon lewer tot – in die geval van hierdie ondersoek - die beskrywing van die breë veld van die rykdom-en-armoedeprobleem. Nie alleen behoort die teologie kennis te neem van die resultate uit hierdie onderskeie navorsingsvelde nie, maar teoloë behoort boonop te poog om die inligting uit die onderskeie wetenskaplike dissiplines te verwerk om nie werklikheidsvreemd, idealisties en naïef wetenskap te beoefen nie. In die huidige kennismaatskappy is ons in die wetenskap ten beste gelowige medewerkers.¹² Selfs al sou ‘n betroubare kontroleermiddel of metode bestaan om die gevolgtrekkings uit die onderskeie

¹² Vgl. R. Safranski, De toekomst van het geloof, *Trouw*, 22 April 2000: “Als ik de alledaagse opmerking maak: ‘ik geloof je’ - dan bedoel ik: ikzelf kan de waarheid en oprechtheid van je uitspraak niet controleren, maar ik vertrou erop dat je niet liegt. Het gaat hier dus om een ‘voor waar aannemen op grond van een persoonlijk

spesialiteitsvelde te kontroleer, beskik die individu gewoon nie oor die tyd of vermoë om dit te kan doen nie. Interdissiplinêre wetenskapsbeoefening impliseer die bereidheid om in ‘n leke-waagstuk as gelowige medeweter die navorsingsresultate van ander wetenskaplikes ernstig op te neem. Terselfdertyd word dit ook al hoe belangriker om *trans-dissiplinêr*¹³ en *supra-dissiplinêr*¹⁴ verbande te lê.

Om so ‘n leke-waagstuk as gelowige medeweter te onderneem met die doel om nie die ideaal van integrerende besinning prys te gee nie, blyk bykans onmoontlik te wees in die geval van die *problematiek van die onmatige verskil in lewenspeil tussen mense*. Want nie alleen die interafhanklike wetenskaplike dissiplines lewer ‘n onhanteerbare hoeveelheid stof om te bestudeer nie. In die teologie alleen is dit reeds ‘n onmoontlike taak om relevante inligting uit die **onderskeie teologiese dissiplines** oor armoede en rykdom te versamel. Om maar enkele voorbeelde te noem van wat in ag geneem sou moes word: armoede en rykdom in die boeke van die Ou en Nuwe Testament (Ou en Nuwe Testamentiese wetenskap), die siening en hantering van armoede en rykdom in die vroeë kerk, by die Kerkvaders en by die Reformatore (Kerkgeskiedenis), sosiale opheffingswerk en ontwikkeling as deel van die sendingopdrag (Sendingwetenskap), bemoediging van armes (Pastoraat), ‘n boodskap van waarskuwing aan die rykes en hoop aan die armes (Homilietiek) en die etiese imperatief tot hulp aan die armes (Christelike Etiek).

vertrouwen’. Dit geloof is een op vertrouwen steunende kennis. Ik geloof in de kennis, in het weten van de ander en in zoverre ben ik een - gelovige - medeweter.”

¹³ Vgl. M. A. Max-Neef, *Human scale development, Conception, application and further reflections*, New York and London: The Apex Press, p. 15: "Transdisciplinarity is, an approach that, in attempt to gain greater understanding, reaches beyond the fields outlined by strict disciplines. While the language of one discipline may suffice to *describe* something (an isolated element, for instance), an interdisciplinary effort may be necessary to *explain* something (a relation between elements). By the same token, to *understand* something (a system as interpreted from another system of higher complexity) requires a personal involvement that surpasses disciplinary frontiers, thus making it a transdisciplinary experience."

¹⁴ Vgl. K. Nürnberger, *Prosperity, poverty and pollution, Managing the approaching crisis*, Pietermaritzburg: Cluster Publications, 1999, p. 9: "What we need, therefore, is a new conceptual framework which is not just inter-disciplinary, but *supra-disciplinary*. It must allow representatives of all disciplines to suspend, at least temporarily, their professional preoccupations and take a fresh look at the evidence through the eyes of their peers from other disciplines. Only then shall we be able to activate our expertise in a form which is compatible with the whole body of knowledge and accountable to the whole process of world development."

Vgl. ook Jonas, *Wissenschaft als persönliches Erlebnis*, p. 23...Wat Jonas oor die filosofie sê, sou ook vir die teologie kon geld: "Überhaupt muß ja die Philosophie im Zeitalter der Spezialisierung vielfach von mittelbarem Wissen zehren, wenn sie nicht selber zum Spezialwissen von einem besonderen, für sich reklamierten Gegenstand schrumpfen will. Hält sie fest, wie sie soll, an ihrer eingeborenen integrativen Absicht, die sich über vieles Einzelwissen erstrecken muß, dann ist sie sozusagen von Berufs wegen zum ständigen Laienwagnis verpflichtet."

Nog nouer getrek kan in ‘n enkele dissipline soos **Dogmatiek** gevra word: Wat beteken die feit dat God Skepper is vir die armoede- en rykdomproblematiek? Wat beteken dit dat Christus arm geword het en onder ons kom woon het? Wat beteken dit dat die Gees alles nuut gemaak het? Hoe moet die kerk teenoor die arme en ryke optree, of is die arme op grond van sy armoede reeds deel van die kerk en die ryke nie deel nie? Moet die armoede- en rykdomprobleem nou reeds opgelos word, of is ‘n persoonlike geloofsbeslissing die belangrikste met die oog op die naderende eindoordeel? Is sosiale opheffing en bystand die taak van die kerk of die staat?

Behalwe vir die onderskeie teologiese vakdissiplines, sou ‘n mens **teologiese strome** kon identifiseer wat op besondere wyse gemoeid is met die armoede- en rykdomprobleem. Net soveel tradisies en strome daar binne die Christelike geloof is, net soveel sieninge is daar oor armoede en rykdom. Sekere groepe staan egter uit in hulle ywer vir die armes.¹⁵

Andersins sou **teologiese modelle** geïdentifiseer kon word om te probeer beskryf hoe bepaalde groepe oor besit dink.¹⁶

Die saak van die arme en verantwoordelikheid van die ryke kan aan die hand van **teologiese temas** of **-terme** aan die orde gestel word. Daar sou gevra kon word: Wat beteken *dissipelskap* vir die armoede- en rykdomprobleem? Wat is die verband tussen *Bybelse geregtigheid* en die saak van die arme? Wat beteken *Christelike verantwoordelikheid* in ‘n

¹⁵ Om maar net een voorbeeld elk uit die Ou Testament (i), Nuwe Testament (ii), Kerkgeskiedenis (iii) en Moderne tyd (iv) te noem:

(i) *Amos* preek in die tyd van Jerobeam II teen Israel se verdrukking van die armes.

(ii) *Lukas* beywer hom op besondere wyse vir die saak van die arme.

(iii) *Franciskus van Assisi* (1182-1226) was die seun van ‘n ryk Italiaanse handelaar. Ná sy bekering leef hy sy oortuiging uit, naamlik dat die Evangelie eis dat besittings vrylik aan die armes uitgedeel behoort te word. In die jaar 1210 het Franciskus goedkeuring van pous Innocentius III verkry vir sy eenvoudige reëls van apostoliese armoede, en hy het sy volgelinge die “Minderbroeders” (*Fratres Minores*) begin noem. ‘n Soortgelyke organisasie vir vroue, die Klarisse, het in 1212 ontstaan toe Klara, ‘n rykmansdogter van Assisi, bekeer is. (Struik, *Die Geskiedenis van die Christendom*, Kaapstad 1988, pp. 264-267.)

(iv) *Bevrydingsteologie* het in die laaste jare na vore getree as die stroming binne die Christelike teologie wat veral gemoeid is met die saak van die arme. Volgens D. J. Bosch, *Transforming Mission, Paradigm Shifts in Theology of Mission*, New York: Orbis Books, 1991, p. 432, is Bevrydingsteologie “a multifaceted phenomenon, manifesting itself as black, Hispanic and Amerindian theologies in the United States, as Latin American theology, and as feminist theology, South African black theology, and various analogous theological movements in other parts of Africa, Asia, and the South Pacific.”

¹⁶ Vgl. byvoorbeeld G. G. de Kruijff, Genieten, beperking, verdelen, *In de Waagschaal* 27(1), 1998, pp. 13-16, wat ‘n paar modelle uit die “middengroepen” in die gesprek tussen geloof en ekonomie identifiseer. Hy stel ‘n *Voorsienigheds-, spiritualistiese-, twee-ryke-, realistiese- en kersteningsmodel* voor.

wêreld vol armoede? Hoe pas armoede en rykdom in die *Koninkryk van God*? Is God *in besonder die God van die arme*? Wat is *Paulus se siening* van die taak van die kerk ten aansien van armoede? Wat leer die *Psalms* oor armoede en rykdom of *Lukas 6:20* en *Matteus 5:3* oor armoede en *Lukas 16:14* oor rykdom?

Daar is dus ‘n onbepaalbare hoeveelheid maniere om vanuit wetenskaplike en wetenskaplik-teologiese dissiplines oor die *problematiek van die onmatige verskil in lewenspeil tussen mense* te besin.

1.2.2 Teologiese navorsing: In diens van die taal van die geloof

In navolging van Barth, wat die beeld waarskynlik aan Kohlbrugge ontleen, wat op sy beurt reageer op die invloedryke 17e-eeuse geskrif van John Bunyan, *The Pilgrim’s Progress*, voer Smit aan dat *teologie op die een of ander wyse in diens van die tale Kanaäns* staan.¹⁷ Dit beteken dat teologie op een of ander wyse in diens staan van die taal van die geloofsgemeenskap, wat van meet af aan, in naspreke van God, ‘n eie taal praat.¹⁸

‘n Mens kan die *tale Kanaäns* volgens Smit as taal van die kerk verstaan, mits daar in ag geneem word dat dit om die *katolieke (algemene) kerk* handel: “Die Christenheid, in dié mees omvangryke sin van die woord moontlik, is die subjek van die geloof.”¹⁹ Gelowiges leer nie die *tale Kanaäns* by teoloë of die teologie nie, die teoloë hoor die taal by die kerk. Die *eerste-orde-aktiwiteit* is die geloof en lewe van die gemeenskap en tradisie, maar omdat dié gemeenskap selfkrities wonder of hulle reg glo, reg praat, reg lewe, word teologiese na-denke, as *tweede-orde-aktiwiteit* gebore.²⁰

Teologiese navorsing, as *tweede-orde-aktiwiteit* staan dus in diens van die taal van die geloof, wat praat *met God* en *oor sy beloftes* waarop ons hoop.

¹⁷ Vgl. D. J. Smit, In diens van die tale Kanaäns? Oor sistematiese teologie vandag, in NGTT, 43 (1&2), pp. 94-127, p. 98.

¹⁸ Vgl. Smit, In diens van die tale Kanaäns?, pp. 97-98.

¹⁹ Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 99.

²⁰ Vgl. Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 99.

1.2.3 Teologiese navorsing: Tot diensgetuienis in die samelewing

“Die diepste rede vir die beskeidenheid, ja, die verleentheid, die aanvegting, van die Christelike geloof – en daarmee van die teologie,” skryf Smit, “is dat ons praat oor dit-wat-ons-nie-gesien-het-nie-maar-waarop-ons-hoop.”²¹

Wanneer ons in die erediens die taal van geloof praat, praat ons met God. Wanneer ons in die teologie oor God praat, is dit in ‘n *oneintlike sin* oor *God as voorwerp*.²² In ‘n meer direkte sin is die ganse werklikheid volgens Smit eerder die voorwerp van die geloofstaal, en daarom ook van die teologie, maar dan die *werklikheid vanuit die perspektief van die ewigheid*, gesien in die lig van hierdie *vreemde hoop op Gods beloftes*.²³

Smit meen teologie kan gelowiges help om die volheid van die lewe te sien, te bedink, te bespreek en te leef volgens die *grammatika-van-die-geloof*, die *spreek-en-lewensreëls van die evangelie*.²⁴ Die vrae hoe dié gesprekke kan plaasvind, sowel binne die geloofsgemeenskap as in die samelewing, en waaróór vandag die dringendste gepraat behoort te word, is van die boeiende uitdagings waarvoor die ekumeniese kerk tans staan.²⁵ Volgens Smit kan teologie slegs bestudeer word *in diens van die tale Kanaäns, in gemeenskap en tradisie, in en tót navolging, mét vriende en vir vriende, vir sondaars en bedelaars*.²⁶

²¹ Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 112.

²² In soverre as wat daar sprake is van *God as voorwerp van teologie*, is dit in elk geval, in die taal van Pannenberg “evident from the majesty of this object that it can be known only if of itself it gives itself to be known.” (Vgl. W. Pannenberg, *Systematic Theology, Volume I, Translated by Geoffrey W. Bromiley*, Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company, 1988, p. 4.

²³ Vgl. Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 112.

²⁴ Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 122 wys daarop dat sy kollegas in die teologie – dalk met irritasie – sou opmerk dat hy deurgaans van *teologie* praat en nie van *sistematiese teologie* nie. Volgens Smit is sy bedoeling nie om as sistematiese teoloog arrogant te wees nie, maar dit is terug te voer na sy oortuiging dat die teologie één is en dat die bestaan van afsonderlike dissiplines – ondanks die historiese redes vir hulle ontwikkelinge! – net funksioneel geregverdig kan word en nie prinsipiëel nie, dat hulle sonder mekaar nie kan bestaan nie, en dat almal sáám behoort by te dra tot teologiese kompetensie. (Ek is van mening dat Smit gelyk het en daarom skroom ek nie om in hierdie ondersoek die term *teologie* te gebruik waar *sistematiese teologie* moontlik verwag sou kon word nie.)

²⁵ Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 121. Vgl. ook J. Moltmann, *Wat is teologie? De weg van de theologie in de twintigste eeu*, Baarn: Ten Have, 1989, pp. 5-61, vir ‘n bespreking van die uitdagings waarvoor die kerk en die teologie in die *ekumeniese tydperk* te staan kom.

²⁶ Smit, In diens van die tale Kanaäns?, p. 127.

Om te praat met *sondaars* en *bedelaars* oor *dit-wat-ons-nie-gesien-het-nie-maar-waarop-ons-hoop* beteken *kennis van en betrokkenheid by* die lyding van ons tyd.²⁷ Hierdie kennis word aangevul deur ‘n gekwalifiseerde openheid om te leer by ander wetenskappe en in gesprek te tree met ander godsdienste.²⁸

Teologiese navorsing kan ‘n belangrike bydrae lewer tot diensgetuieis in die samelewing deur:

- (i) in diens van taal van die geloof voortdurend te besin oor die betekenis van Christelike identiteit in die lig van Gods Woord aan die mens;
- (ii) in gesprek met ander wetenskappe en godsdienste die aard van die komplekse probleme waarmee hedendaagse mense gekonfronteer word na te vors; en
- (iii) in diens van die taal van die geloof *ná te dink en voorstelle te formuleer* oor die wyse waarop daar met Woord-en-daad getuig kan word van die *Hoop-wat-in-ons-leef*.

1.3 Inslag en oogmerke van hierdie teologiese ondersoek

In die voorafgaande paragrawe was die bedoeling – soos reeds genoem²⁹ – om my vertrekpunte en vooronderstellings, my persoonlike ervaring en siening van teologiese navorsing, aan die orde te stel. Die klem was nie daarop om betrokke te raak by die wetenskaplik-epistemologiese gesprek of die diskussie rakende die verhouding tussen teologie en wetenskap of die betekenis van die teologie vir kerk en samelewing nie. Die bedoeling was om my lewensomstandighede en persoonlike betrokkenheid, in soverre dit relevant kan wees vir die problematiek wat in hierdie ondersoek hanteer word, te verhelder. Dit is vervolgens nodig om die *inslag* en *oogmerke* van hierdie ondersoek aan te dui.

Die vraagstelling handel oor *die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde in die Gereformeerde tradisie en die betekenis daarvan vir ‘n Christelike lewenstyl in Suider-Afrika*. Die besluit om juis hierdie vraagstuk te ondersoek, is geneem omdat ek my vanuit die Suid-Afrikaanse konteks, as teologiese student vanuit die Gereformeerde tradisie, op ‘n besondere

²⁷ Vgl. J. Moltmann, *Wat is teologie?*, p. 9.

²⁸ Die aard van die problematiese rol van die teologie in verhouding tot ander wetenskappe en rol van kerk en teologie in die hedendaagse maatskappy val buite die bestek van hierdie ondersoek.

²⁹ Vgl. 1.1.1.

wyse aangespreek gevoel het deur die gelykenis van die ryk man en Lasarus in Lukas 16:91-31.³⁰ Ek het begin wonder hoe die geweldige verskil in lewenspeil wat ek in Suider-Afrika waarneem, in verband sou kon staan met die wyse waarop daar vanuit die Gereformeerde tradisie omgegaan word met die aktualisering van 'n teks soos Lukas 16:19-31. In my verkennende leeswerk oor hierdie tema het ek op die meditasie *Zondaar en bedelaar* van Noordmans afgekom.

In **hoofstuk 2** word aangedui waarom die meditasie *Zondaar en bedelaar* op 'n besondere wyse 'n heuristiese instrument kan bied om die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde teologies-krities te ondersoek. Om die bedoeling en inhoud van Noordmans se meditasie te verstaan, is dit nodig om die *beweging van Noordmans*, as meditatiewe teoloog, beter te leer ken. Daar word op twee maniere gepoog om groter insig te verkry in Noordmans se beweging as teoloog: Eerstens word eksegetiese gespreksgenote by die ondersoek betrek om vergelykende materiaal te bied vir die wyse waarop Noordmans met die gelykenistekste in Lukas 16:19-31 en Lukas 18:9-14 omgaan. Die gespreksgenote word baie spesifiek gekies om die aard van Noordmans se kritiek op *ons wyse van identifikasie met gelykeniskarakters* te belig en nie om 'n oorsig van resente Nuwe Testamentiese navorsing met betrekking tot hierdie gelykenisse aan te bied nie. Tweedens word Noordmans se teologie in **hoofstuk 3** ondersoek deur die kritiese opmerkings in sy meditasie as vertrekpunt te gebruik om sy teologie in die algemeen te verken. Die bedoeling is om Noordmans se kritiek en die wyse waarop hy teologies 'n verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde lê, te analiseer. Dié analise maak dit moontlik om die wyse waarop die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde in die Gereformeerde tradisie hanteer word, in die lig van die strekking van Noordmans se meditasie, krities te ondersoek.

Daar word nie in hierdie ondersoek gepoog om 'n geheelbeeld oor die Gereformeerde siening van die verband tussen lewenspeil en verlossing van sonde aan te bied nie. Toepaslike werke van slegs enkele gespreksgenote, as eksponente van bepaalde strominge in die tradisie, word behandel. Gespreksgenote word spesifiek gekies in soverre as wat hulle insette uiteindelik kan bydra om die teologiese hantering van die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde in die Suid-Afrikaanse konteks te verhelder.

³⁰ As vervulling van 'n deel van die vereiste van die graad *Magister Divinitatis* het ek 'n artikel geskryf oor die gelykenis in Lukas 16:9-31 met die titel, *Die ryk man, Lasarus en oorskiet op die tafel* (ongepubliseerd).

Calvyn se siening oor *die regte gebruik van aardse hulpmiddele* is belangrik vanweë

- (i) die belang van sy beskouing vir enige besinning vanuit die Gereformeerde teologie en
- (ii) die kritiek wat Noordmans in *Zondaar en bedelaar* opper teen die tipies Calvinistiese beskouing op die Voorsienigheid met betrekking tot lewenspeil van Pierson en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 10.

Daarom word Calvyn se *algemene riglyne uit die Skrif* oor die *regte gebruik van aardse hulpmiddele* in **hoofstuk 4** aan die orde gestel.

In **hoofstuk 5** word daar gepoog om die brug tussen Calvyn en die hedendaagse maatskappy te vorm deur werke van Kuyper en Gutiérrez as eksponente van onderskeidelik die neo-Calvinisme en die Bevrydingsteologie te bestudeer. Die neo-Calvinisme en die Bevrydingsteologie bied beide diepsinnige, eiesoortige analises van die kontemporêre samelewing. Beide tradisies het verder 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen op die Suid-Afrikaanse teologiese besinning met betrekking tot die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde vanuit die Gereformeerde tradisie. Die bedoeling is onder andere om Kuyper en Gutiérrez se werke as hulpmiddel te gebruik om belangrike motiewe in die teologiese besinning van die gekose Suid-Afrikaanse gespreksgenote raak te sien.

Toepaslike werke van Heyns, Bosch en Mofokeng word in **hoofstuk 6** behandel om gespreksgenote wat vanuit die Suid-Afrikaanse konteks teologiseer te betrek. Heyns se werk is van belang vanweë die omvangryke bydrae wat hy as Afrikaanse Gereformeerde teoloog tot dogmatiese en etiese besinning in die Suider-Afrikaanse konteks gelewer het. Bosch se *sistematies-missiologicaliese werk, Transforming Mission*, maak dit moontlik om die bydrae van die Suider-Afrikaanse missiologicaliese besinning oor die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde vir hierdie ondersoek vrugbaar te maak. Mofokeng se kritiese blik vanuit die Swart Teologie op die Suid-Afrikaanse konteks en die interessante element in sy pneumatologie wat moontlik *via* Bakker en Neven deur Noordmans beïnvloed is, maak hom 'n belangrike gespreksgenoot vir hierdie ondersoek.³¹

³¹ Vgl. 6.4.1.

In **hoofstuk 7** word daar gepoog om die perspektiewe van die gespreksgenote uit die voorafgaande hoofstukke te analiseer, te sistematiseer en te interpreteer. *Perspektiewe* op die gelykenisse van die bedelaar en die sondaar word behandel, *teologies-kritiese perspektiewe* op die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde in die Gereformeerde tradisie word sistematies aangetoon en die *betekenis van die behandelde perspektiewe* op die verhouding tussen lewenspeil en die verlossing van sonde in die Gereformeerde tradisie vir lewenstyl in Suider-Afrika word uitgewerk.

‘n ***B&S-SKEMA***³² word ontwikkel as poging om ‘n raamwerk aan te bied met behulp waarvan daar meer genuanseerd omgegaan kan word met teologiese stellings ten opsigte van die verband tussen lewenspeil en die verlossing van sonde. As voorbeeld van die toepassing van die *B&S-SKEMA* word kortliks ‘n paar opmerkings gemaak oor die wyse waarop teologiese stellings oor mense met MIV en vigs in Suider-Afrika meer genuanseerd bedink sou kon word. Die ondersoek word afgesluit deur ‘n paragraaf waarin die moontlike betekenis van *Gereformeerde soberheid* vir ‘n Christelike lewenstyl in Suider-Afrika aangedui word.

³² *BEDELAAR & SONDAAR – SKEMA.*